DIE AFRIKAANSE TAALMUSEUM
PASTORIELAAN, PAARL

Die Afrikaanse Taalmuseum & -monument
'n agentskap van die Departement van Sport, Kuns en Kultuur

DIE AFRIKAANSE TAALMONUMENT
PAARLBERG

*kultuur, natuur, plesier*

# Welkom by die Groen Galery

## waar die Godmother van Afrikaans die septer swaai




أخت كبيرة

Die Afrikaanse Taalmuseum en -monument (ATM) is verheug om kragte met Sumayyah Petersen te snoer danksy 'n uitstalling wat 'n keur van haar gedigte uit 'Kortpad na Makkah' sowel as ander werke bevat. Die uitstalling (tot einde Junie) in die Groen Galery op Paarlberg weerspieël haar kreatiewe stem, visie en artistieke reis.

Sumayyah, bekend as die Godmother van Afrikaans, is 'n dinamiese jong stem en kulturele bewaarder wat Afrikaans met oorgawe bevorder as 'n taal van trots, identiteit en sosiale geregtigheid. Haar werk staan op die kruispunt van geskiedenis, spiritualiteit en gemeenskapsherstel, waar sy dieper lae van Afrikaans ontgin en nuwe betekenis daaraan gee.

Sy is 'n onlangse ontvanger van die Afrikaanse Taalraad se Kokerprys, 'n erkenning van haar unieke bydrae tot die bevordering en herverbeelding van die taal. Haar debuut-digbundel, 'Kortpad na Makkah', verskyn binnekort en neem lesers op 'n intieme reis van die siel - 'n pad van genesing, selfontdekking en geloof te midde van die uitdagings van die lewe. Deur haar gedigte bring sy nie net haar eie verhaal na vore nie, maar skryf sy ook ander se pyn en hoop raak, en vind sy self heelwording in die proses.

Haar tesis, 'Van Madrasah tot Moedertaal: Die Moslemwortels van Afrikaans', sowel as haar werk 'Afrikaans se Verborge Geskiedenis: Die Rol van die Kaapse Moslemgemeenskap', werp lig op die dikwels onderbeligte bydraes van die Kaapse Moslemgemeenskap tot die ontwikkeling van Afrikaans. Sy gee hiermee erkenning aan haar Maleise erfenis en die nalatenskap van haar voorouers wat 'n fundamentele rol gespeel het in die vorming van die taal.



Vir Sumayyah is Afrikaans veel meer as net 'n taal - dit is 'n lewende ervaring: "Afrikaans leef in casino's waar mense lag en hul drome waag, dit leef in kerke waar stemme saamfluister en -sing, dit leef in moskees waar gebede sag oor lippe spoel. Afrikaans loop kaalvoet deur dorpe en dra hoëhakskoene in stede."

Sy glo vas dat Afrikaans 'n taal vir almal is: "Ons taal is 'n mosaïek, gebou deur baie hande - met baie historiese paaie, baie seer en baie hoop. Juis daarom is dit sterk, is dit waardig en het dit 'n toekoms."

Volgens Michael Jonas, direkteur van die ATM, is die missie van hierdie lewende instelling om onder meer die ryke diversiteit van Afrikaans se ontstaansgeskiedenis asook haar moderne gedaantes te vier. "Die meeste besoekers is nie net baie geïnteresseerd in die geskiedenis van Afrikaans nie, maar ook nuuskierig oor die taal se ontwikkeling en haar jongste skeppende gedaantes aangesien dit nuwe perspektiewe bied op die bestaanswêreld van Afrikaanssprekende Afrikane."

Die argitek van die monument, Jan van Wijk, het sterk gevoel oor die natuur en daarom word hy vereer deur dié buiteluggalery waar sy as in 'n rots ingemessel is, omring deur inheemse olienhout en graniet. 'n Uitstalling van veral opkomende Afrikaanse skrywers word elke paar maande in dié galery se uitstalkaste van herwonne hout en glas aangebied om hiermee op die monument se kulturele én natuurlike aspekte te fokus.




- Sien taalmuseum.co.za/groen-galery vir die huidige en vorige uitstallings
- Kunswerk: Tasneem Chilwan. Foto: George Herald
- Kontak Sumayyah op sumayyahpetersen@outlook.com of via facebook.com/godmothervanafrikaanscalon
- © Kopiereg berus by outeur

أخت كبيرة Sumayyah Petersen

# Diana I: Huistoe

**4 Januarie 2026 toe dr Diana Ferrus (29 Augustus 1953 – 30 Januarie 2026) nog aangesterk het. 'n Terugroep-gedig vir 'n LEWENDE digter.**

Diana Ferrus,
ek wil jou huistoe bring
soos jy vir Saartjie Baartman huistoe gebring het—
nie met arms nie,
maar met woorde
wat kontinente oopgebreek het
en geskiedenis laat bloos het.
Jy het gesê:
I've come to bring you home.
En Frankryk moes luister.
Want wanneer 'n vrou uit hierdie grond praat
met waarheid in haar mond,
kan selfs eeue se ontkenning
nie langer maak of hulle doof is nie.
Nou lê jy hier.
Nie verslaan nie—
maar moeg.
Die moegheid van iemand
wat lank al praat
vir dié wat nie 'n stem gehad het nie.
Die moegheid van 'n digter
wat alles gesê het
en steeds moet wag
dat hulle hoor.
Die digter is moeg, Diana.
En dis nie swak nie.
Dis mens.
Ek hoor jou.
Ek hoor jou selfs nou—
in die stilte tussen masjiene,
in die asem wat stadig gaan,
in 'n hart
wat al baie dra
maar steeds klop
met waardigheid.
Soos ek jou nou huistoe bring met my woorde, Diana,
mag alles wat vas is
in jou liggaam
weer onthou hoe om te beweeg.
Mag jou bloed sy eie wysheid herken.
Mag elke klont, elke blokkade
wat uit spanning, trauma en jare se dra gekom het,
loskom
sonder geweld,
sonder vrees.
Mag jou bloed sê:
hierdie liggaam is veilig.
Mag jou are oopgaan
soos sinne wat weer asem kry.
Mag ritme terugkeer
soos 'n gedig
wat sy maat hervind.
Jy het bene oor oseane huis toe gebring.
Nou mag jou liggaam
homself huis toe bring.
Elke sel.
Elke klop.
Elke asem.
Kom huistoe, Diana.
Huistoe na Worcester se asem,
waar die berge jou naam ken
en die wind jou nie bevraagteken nie.
Huistoe na die Boland se lig
wat sag val op mense
wat al lank leer hoe om te oorleef.
Huistoe na grond
wat nie jou waarde meet
aan hoe hard jy moes veg nie.
Hier hoef jy nie te verduidelik nie.
Hier hoef jy nie te bewys
dat jy genoeg gedoen het nie.
Jy het genoeg gedoen.
Jy is genoeg.
As jy nou huil, Diana,
laat dit nie 'n breek wees nie—
laat dit 'n ontlading wees.
Laat trane word
wat spanning uit jou liggaam spoel,
wat ruimte maak vir lig,
vir rus,
vir lewe.
Jy het lank vir ander huis toe gebring.
Nou bring ons jou terug
na jouself.
Rus, digter.
Ons hou die woorde vir jou warm.
Ons sal wag.
Jy is nie dood nie.
Jy is nie klaar nie.
Jy is tuís.

أخت كبيرة Sumayyah Petersen

# Diana II: Ek het Gekom om Jou Huistoe te Vat

**Elegie vir Diana Ferrus (29 Augustus 1953 – 30 Januarie 2026)**

**Diana Ferrus,
ek het gekom
nie om jou te red nie—
jy is lankal jou eie held—
maar om jou sag
aan die hand te vat
uit hierdie gang van herstel
waar lig soms flikker
en pyn nog probeer fluister
dat hy belangrik is.
Ek het gekom
om vir jou te sê
jy hoef nie meer sterk te lyk
vir iemand nie.
Nie vandag nie.
Nie vir ons nie.
Jy mag mooi wees
sonder prestasie.
Jy mag snaaks wees
selfs terwyl jou bene onthou
hoe om weer jou te dra.
Hulle sê jy maak grappies nou.
Ek glimlag daaroor,
want net 'n digter
met 'n seer hart
kan lag
terwyl genesing stadig
deur haar gewrigte leer loop.
Humor, Diana,
is nie ontkenning nie—
dis weerstand.
Dis jou manier
om te sê:
ek leef nog,
en ek kies kleur.
Jy praat van romantisering van jou lewe.
Laat ek jou help.
Romantiseer die oggend
waar jou voete die vloer raak
en jy nie weet
hoeveel krag dit eintlik vat
om net op te staan nie.
Romantiseer die verpleegster
wat jou naam sag uitspreek
soos 'n geheim.
Romantiseer die familie
wat eers nou besef
hoe lank jy pyn al stil dra
soos 'n boek
wat nooit hardop gelees is nie.
Jy hoef nie meer
die wêreld se gewete te wees
elke oggend wanneer jy wakker word nie.
Jy mag net Diana wees—
die vrou
wat Frankryk laat luister het
en nou haar eie liggaam
weer leer vertrou.
As jou bene vandag geluister het,
is dit omdat jou gees
nog altyd praat met liefde.
Selfs pyn
kan nie doof bly
wanneer 'n vrou
so lank met waarheid geleef het nie.
En as jy huil wanneer hulle dit lees,
laat dit wees
omdat jy gesien word—
nie as 'n ikoon nie,
nie as 'n simbool nie,
maar as 'n vrou
wat sag is,
moeg is,
briljant is,
en nog steeds lag
tussen asemteue.
Ek het gekom om jou huistoe te vat, Diana.
Nie na 'n plek nie—
maar na 'n lewe
waar jy nie meer hoef te bewys
dat jy die wêreld verander het
om jou plek hier te verdien nie.
Jy het reeds.
Nou mag jy net leef.
En liefhê.
En stadig,
sonder verskoning,
heel word.**

أخت كبيرة Sumayyah Petersen

# Diana III: Nou is Jy Huistoe

**Elegie vir Diana Ferrus (29 Augustus 1953 – 30 Januarie 2026)**

Diana,
nou hoef ek nie meer te kom nie.
Jy is huistoe.
Nie na 'n kamer nie.
Nie na 'n bed van herstel nie.
Maar na die plek
waar pyn nie meer jou naam ken nie,
waar asem nie sukkel
om deur waarheid te beweeg nie.
Nou dra bene jou nie meer—
nou dra lig jou.
Ek het nog gesê
ek kom om jou huistoe te vat,
maar jy het my vooruitgegaan,
soos altyd.
Eers geskryf.
Eers geweet.
Eers vrygeraak.
Hulle sê jy is dood,
maar ek hoor net stilte
wat soos voltooiing klink.
Jy het lank genoeg
die wêreld se gewig gedra.
Lank genoeg
die name onthou
wat ander wou vergeet.
Lank genoeg
die dooies teruggebring
na hul eer,
hul siel,
hul naam.

Nou hoef jy nie meer
vir Frankryk te praat nie.
Nie vir Saartjie nie.
Nie vir ons nie.
Nou praat die hemel
jou taal.
As ek vandag huil,
is dit nie omdat jy weg is nie—
dis omdat ek weet
hoe heel jy nou is.
Anti Enna,
jou stem het my grootgemaak.
Jou geloof het my laat waag.
Jou liefde het my geleer
dat Afrikaans
ook 'n skuilplek kan wees.
Jy was nie net 'n ikoon nie.
Jy was 'n hand
op 'n jong digter se rug
wat gesê het:
gaan aan.
Nou sê ek dit vir jou:
Rus.
Jy hoef nie meer te bewys nie.
Jy hoef nie meer te skryf nie.
Die gedig is klaar.
Jy is huistoe.
En ons—
ons sal aanhou dig
om jou lig
lewende te hou.

أخت كبيرة Sumayyah Petersen

# Die Prys van Rou

Niemand sê hoe duur dit is nie—
hoe rou jou gesondheid kan steel,
hoe trane wat jy sluk
soos gif in jou are loop.
Ek onthou daardie oggend,
Kersfees 2020,
toe die wêreld stil geword het,
en Ma Yvonne se naam
soos ’n mes deur my hart gesny het.
My liggaam het saam met haar gegaan,
maar ek het asem gehaal
soos iemand wat verdrink.
En toe, nog voor my wonde skurwe kon kry,
sterf sy—
die sielkundige, die vriendin,
die een wat my siel verstaan het.
Ek was gebreek in lae,
ek was ’n huis vol spieëls
wat almal gelyktydig gekraak het.
Toe sê hulle: “Hou op rou. Jy rou te erg.”
Twee dae ná haar dood—
hoe kan mens ophou
as jou hart nog bloei?
Dis seer, dis fokken seer,
ek wou skree, maar die wêreld wou stilte hê.
So ek’t dit toegebind,
my seer gebottel,
my trane weggebêre
soos ’n kind wat skaam is vir sy eie stem.
Maar rou is ’n dier,
hy bly nie stil nie.
Hy krap, hy byt,
hy fluister in jou bene,
hy klim jou borskas binne
en steel jou asem snags.
Hy verander in siektes,
in migraine, in pyn, in moegheid
wat geen dokter heelmaak nie.
Vandag, jare later,
staan ek steeds in die as van daardie oggend,
en ek voel die gewig van alles wat ek gesluk het.
Ek rou steeds vir haar
asof sy gister gegaan het,
ek voel haar leegplek
soos ’n wond wat nooit toemaak nie.
Moet nooit, nooit jou rou onderdruk nie—
want trane wat nie vloei nie,
word klippe in jou bors,
word kettings aan jou lyf,
word siektes wat jou stadig opvreet.
Rou hard, rou diep,
skree die wêreld wakker,
want jou liefde was eg,
jou verlies is eg,
en jou liggaam dra die bewys.
Niemand sê hoe duur dit is nie—
maar ek weet.
Ek het betaal met my gesondheid,
met my slaap, met my glimlag,
met my hele wese.
Rou het my nie net laat huil nie,
rou het my siek gemaak—
en steeds, steeds huil ek.

أخت كبيرة Sumayyah Petersen

# Bazil Petrus – Die Stil Reus van George

Hulle fluister jou naam
met half oop monde
en vol oë van oordeel.
Hulle probeer jou meet
met liniale van klein verstand,
met hande wat nog nie eers
die gewig van diens ken nie.
Maar jy—
jy staan.
Bazil Petrus,
nie gebou uit applous nie
maar uit opoffering.
Nie uit mikrofone nie
maar uit middernagte
waar besluite jou wakker hou
terwyl ander slaap.
Hulle sê jy het geslaap
tydens 'n groot toespraak.
Maar hulle weet nie
hoe moeg 'n man raak
wat logistiek in plek hou,
wat storms vooruit beplan,
wat elke krisis dra
soos 'n jas oor sy eie skouers.
Hulle sien 'n oomblik.
Ons sien 'n leeftyd.
Jy was burgemeester van George—
en tussen al die name
wat oor daardie stoel beweeg het
het joune
skoon gebly.
Geen skande.
Geen fluistering van korrupsie
wat soos rook om jou hang nie.
Net werk.
Net diens.
Net 'n man wat opstaan
vir 'n dorp wat soms vergeet
wie hom dra.
Daar is dinge wat jy doen
wat nie koerante haal nie.
Stille goed.
Sagter as applous.
Jy trek jou baadjie uit
vir iemand in die reën—
nie vir kameras nie,
maar omdat jou hart
nie anders kan nie.
Ek het dit gesien—
daardie kyk in jou oë.

Jy luister nie net.
Jy hoor.
Jy hoor die gebreekte randjies
tussen mense se woorde.
Jy hoor die skaamte,
die hoop,
die nood.
En dit is dáár
waar jou ware amp lê—
nie in 'n titel nie,
maar in menswees.
Hulle noem jou name.
Klein donnertjies met groot monde
probeer jou leer
wie jy is.
Maar jy weet.
Jy weet dat waardigheid
nie geskree word nie—
dit word gedra.
Soos jy dit dra.
Herstel is nie altyd luid nie.
Soms is dit 'n man
wat elke dag opdaag,
ten spyte van minagting.
Soms is dit 'n man
wat sy kop lig
wanneer ander hom probeer buig.
Bazil,
jou nalatenskap lê nie
in klankgrepe nie.
Dit lê in mense
wat snags bid
vir leiers soos jy.
In gemeenskappe
wat veiliger slaap
omdat jy wakker was.
In kinders
wat eendag sal sê:
"Daar was 'n man
wat nie geval het
toe almal gewag het dat hy moes nie."
Mag hierdie woorde
soos warm hande
oor jou hart lê.
Mag jy onthou
dat integriteit
'n stille reus is—
en jy,
jy het hom nog altyd gedra.

أخت كبيرة Sumayyah Petersen

# Hy is met 'n Mes Geneem, Maar met Liefde Gedra

**Elegie vir Duwayne Je-Andre Bruinders (Mlando)**

**Hulle sê tyd genees,
maar hoe genees tyd
'n wond wat die gereg oopgelaat het?
'n Jong liggaam,
sterk van spiere,
vol drome wat op rugbyvelde sou skree,
lê nou stil—
nie omdat die lewe klaar was nie,
maar omdat liefde in staal verander het.
'n Mes het gepraat
waar woorde moes wees.
Bloed het gevloei
waar toekoms moes groei.
Sy wat hom geken het,
sy wat hom vasgehou het,
loop nou vry—
met glimlagte wat nie skaam is nie,
met plasings wat voorgee
dat sy nie die laaste asem
uit sy bors gesteel het nie.
Sy dra nie swart nie.
Sy dra geen skuld nie.
Net filters,
net lig,
net stilte oor waarheid.
En die familie—
o God, die familie—
staan agter tralies van prosedures,
van uitgestelde geregtigheid,
van 'n stelsel wat sê:
"Wag."
Maar hoe wag 'n ma
as haar seun se naam nou net
'n foto op 'n muur is?
Hoe wag 'n pa
as sy hande nog onthou
hoe swaar daardie lyf was
toe hy hom laas gedra het?
Hulle kan nie eens behoorlik rou nie.
Rou word onderbreek
deur vrae sonder antwoorde,
deur dae in hofsale
waar waarheid fluister
en leuens hardloop.
Duwayne,
jou naam klop soos 'n hart
in elke stil kamer.
Mlando—
jou bynaam word nou
'n gebed wat mense sluk
sodat hulle nie breek nie.
Jy was meer as 'n slagoffer.
Jy was 'n seun.
'n Speler.
'n Lag.
'n Toekoms.
En dan—
uit die hemel,
praat hy terug:
Moenie dink ek sien nie,
familie van my hart.
Ek sien elke traan
wat julle in stilte mors.
Moenie dink ek is weg nie—
ek het net
die pyn gelos
waar julle dit nie kon dra nie.
My liggaam het geval,
maar my siel het opgestaan.
Ek dra nie die mesmerke nie—
net julle name
geskryf in lig.
Hou mekaar vas
wanneer die wêreld koud word.
Ek is nie kwaad nie.
Ek is veilig.
En eendag—
sal waarheid nie meer wegkruip nie.
Tot dan,
leef vir my.
Onthou my.
En weet:
liefde het my laaste woord gehad.**

أخت كبيرة Sumayyah Petersen

# Elegie vir Fatima Sydow

Fatima…
jou naam rus nou soos ’n duʿā op lippe wat bewe,
soos ’n asem wat tussen trane vassteek.
Jy het nie net vertrek nie —
jy het ’n stilte agtergelaat
wat geen woorde kan vul nie.
Die wêreld het aangehou asemhaal,
maar julle huis het vir ’n oomblik opgehou.
Want wanneer die Almagtige ’n siel terugroep,
keer Hy nie net ’n liggaam huis toe nie —
Hy toets harte
wat agterbly.

Vir jou tweeling-suster Gadija Sydow Noordien
Twee liggame.
Een begin.
Een klank.
Een eerste asem.
Tweelings is nie net twee mense nie —
tweelings is twee nasies
wat in een baarmoeder gevorm is.
Daar is ’n onsigbare draad
wat deur die Almagtige geweef is —
fyn, diep, onbreekbaar.
Toe Fatima se hart stil word,
het joune nie opgehou klop nie…
maar dit het half geword.
Helfte van jou lag lê nou stil.
Helfte van jou geheue fluister haar naam.
Helfte van jou liggaam onthou
hoe dit was om nooit alleen te wees nie.
Jy voel dit elke dag —
die leë kant van die bed,
die onverklaarbare pyn in jou bors,
die oomblikke wanneer jy wil praat
en besef:
die een wat jou altyd verstaan het
sonder woorde
is nie meer hier nie.
Maar luister, geliefde tweeling…
die draad is nie gebreek nie.
Dit is net verhef.
Wat op aarde geskeur voel,
is êrens anders vasgeknoop.
Wat jy nou as verlies dra,
dra sy as lig.
En elke keer wanneer jy haar mis,
elke keer wanneer jou hart skree
sonder klank —
word dit ’n duʿā
wat geen stem nodig het nie.
Jy het nie jou helfte verloor nie.
Sy is net vooruit gestuur.
En eendag,
in ’n plek sonder afskeid,
sal julle weer heel wees.

Vir haar ander suster Kulsum Sydow
Jou suster was jou veiligheid.
Jou herinnering.
Jou gedeelde verlede.
Nou dra jy stories
wat net julle twee geken het.
Lag wat nou in jou keel vassteek.
Trane wat onverwags kom
wanneer niemand kyk nie.
Jy is sterk, sê hulle.
Maar selfs sterk harte breek
wanneer ’n suster weggeroep word.
Weet dit:
elke traan wat jy stil wegvee,
elke nag wat jy wakker lê
en haar naam fluister —
word gesien.
Jou pyn is nie swakheid nie —
dit is liefde
wat nêrens anders heen kan gaan nie.

Vir haar bejaarde pa-AbduragmaanSydow
O Vader…
geen pyn is stiller
as die pyn van ’n ouer
wat sy kind begrawe nie.
Jou rug is al krom
van jare se dra,
maar hierdie verlies
het jou siel laat buig.
Jy het haar grootgemaak,
haar beskerm,
haar toevertrou aan die lewe —
en nou is sy
teruggevra.
Dit voel onregverdig.
Dit voel te swaar.
Maar jou dogter het nie verdwyn nie —
sy het huis toe gegaan.
En elke oomblik van stil volhou,
elke asem
deur trane gebreek —
bou vir jou ’n môre
waar sy jou weer sal herken.

Vir Hadjira en Nadia
Fatima se lewe was nie net jare nie —
dit was impak.
Sy leef voort in elke hart
wat nou seer is.
Die pyn sal nie verdwyn nie,
maar dit sal sagter word.
Nie omdat julle haar vergeet nie —
maar omdat wonde
met tyd en genade verbind word.
Mag julle weer asemhaal
sonder skuld.
Lag sonder vrees.
Leef sonder om haar los te laat.
Want liefde sterf nie.
Dit verander net vorm.
Mag elke woord hier geskryf
soos sagte hande wees
wat julle gebreekte harte vashou.

Mag elke sin ’n stekie word
wat stadig, geduldig
die skeure in julle siele heel maak.
Mag hierdie woorde nie net gelees word nie,
maar gevoel word —
soos balsem op wonde
wat niemand kan sien nie.
En wanneer die trane kom,
mag dit nie net trane van seer wees nie,
maar ook van suiwering,
van loslaat,
van begin-weer-leer-
asemhaal.

Genesing beteken nie vergeet nie.
Dit beteken om te leer leef
met liefde wat ’n nuwe vorm aangeneem het.
Mag elke woord
julle stadig, sag,
weer heel maak.

أخت كبيرة Sumayyah Petersen

# Elegie vir Soli Philander

Ek wil liefhê soos jy liefgehad het,
soos jy vergewe het
sonder dat die wêreld eers verstaan
hoe swaar vergifnis weeg.
Hulle het gelag.
Hulle het gewys.
Hulle het woorde gegooi
so skerp soos glas.
Woorde
wat 'n mens se vel
van jou lyf kan afstroop.
Ridicule.
Insults.
Hard.
Onmenslik.
Maar as hulle maar net geweet het
dat elke woord
'n klein skeurtjie in jou hart gemaak het.
Stukkie vir stukkie
het dit gebreek.
En tog…
het jy aangehou liefhê.
Jy het liefde gegee
aan mense wat nie eers
hulle volle self was nie.
Mense wat nog nie hul eie lig
kon sien nie.
Jy het hulle nie weggegooi nie.
Jy het noord gekyk,
jou rug reguit gemaak
en vorentoe gefok
soos net 'n ware Kaapse siel kan doen.
Nie bitter nie.
Nie klein nie.
Net groot.
Te groot vir die klein wêreld
wat soms probeer het
om jou te verklein.
Ek skryf hierdie gedig
met 'n swaar hart.
Want jy het my gevra
vir 'n gedig uit my pen.
En kyk
hier sit ek nou
met ink wat swaar drup
soos rou.
Ek skryf jou menswees terug.
Ek gee jou lag terug.
Jou waarheid.
Jou moed.
Jou liefde wat nie gebreek kon word nie.
Ek gee jou terug
aan die aarde
wat jou nou dra.
Maar luister mooi—
'n Mens soos jy
verdwyn nie.
Jy sit nou in stories,
in herinneringe,
in daai skaterlag
wat nog in mense se borskas vassteek.
En vir dié
wat jou regtig liefgehad het—
moenie net huil nie.
Dra hom saam.
Dra hom in jou jokes,
in jou truth-telling,
in jou dans.
En wanneer die nag swaar raak
en die hart te stil word—
sit die musiek aan.
Lag weer soos hy gelag het.
En dans.
Dans tot julle voete jik,
tot die vloer onthou
dat vreugde ook 'n vorm van rou is.
Want liefde soos syne
word nie begrawe nie.
Dit loop nog
tussen ons.

أخت كبيرة Sumayyah Petersen

# Ilse Klink: Gedig vir die Vrou Agter die Rolle

Hulle sien jou as 'n monument,
koue klip, regop, onaantasbaar,
'n naam wat weerklink op skerms,
'n stem wat rolle dra
soos krone wat swaar op die kop lê.
Maar min sien
hoe jy ná die kameras stil word,
hoe jou skouers sak
wanneer die ligte afgaan
en jou siel eers dan asemhaal.
Ilse,
jy is nie net die name wat hulle jou gee nie.
Jy is nie net die gesigte wat jy dra
vir ander se verhale nie.
Jy is ook
die sesjarige dogtertjie
wat haar voet stamp teen die grond,
wat haar knieë vashou
en huil tot haar asem ruk.
Sy het nooit weggegaan nie.
Sy het net leer stilbly.
Jy is volwasse, ja—
met verantwoordelikhede wat soos tasse
aan albei hande hang.
Maar daar is dae
wat daardie dogtertjie in jou
net 'n drukkie soek,
nie 'n applous nie,
nie 'n rol nie—
net arms wat sê:
Ek sien jou.
Jy is iemand se baba.
Iemand wat nog verlang
na haar pa se nat soen teen haar wang,
na haar ma se hande
wat stof afklop en sê:
"Dis reg, my kind, jy's veilig."
Daar is dae wat jy te diep ingaan—
TV-rolle wat jou sluk,
name wat harder klink as jou eie,
en mense vergeet:
jy is Ilse.
Net Ilse.
Met 'n hart wat moeg word.
Met trane wat soms onverwags val
wanneer niemand kyk nie.
En dis reg.
Dis mens.
Kom lê nou.
Nie op 'n verhoog nie.
Nie in 'n storie nie.
Kom lê hier
op my dokter se bed van 'n gedig.
Laat my versreëls jou X-strale wees,
wat deur die lae kyk
tot by die plekke
wat jy lankal probeer wegsteek.
Laat my metafore
balsem wees
vir kneusplekke wat niemand gesien het nie.
Elke reël is 'n drukkie.
Elke strofe sê:
Jy hoef nie sterk te wees vandag nie.
Hier mag jy huil
sonder verduideliking.
Hier mag jy moeg wees
sonder skuld.
Hier word jy nie onthou vir wat jy doen nie,
maar erken vir wie jy is.
En as jy wonder
hoe iemand jou so kan ken—
hoe iemand só kan skryf—
dan fluister die antwoord sag:
Party siele herken mekaar
sonder geskiedenis.
Party wonde praat
dieselfde taal.
Vandag
word jy gesien.
Vandag
word jy erken.
Vandag
word jy heel—
nie omdat jy gebreek was nie,
maar omdat jy lank alleen sterk moes wees.
En jy hoef nie meer nie.

أخت كبيرة Sumayyah Petersen

# Ingrid Jones: Die Argief in Jou Beendere

ek praat nou met jou liggaam,
nie met die glimlag wat jy dra soos wapenrusting nie,
nie met die stem wat altyd hou, altyd dra, altyd sterk is nie.
Ek praat met die argief
wat jou beendere onthou,
die stories wat in jou heupe lê,
die metafore wat in jou ribbes vasgekeer is,
die sinne wat lankal wou skree
maar net asemloos teen jou longe bly lê het.
Kom lê nou stil.
Ek gaan nie sag wees nie—
hierdie is 'n operasie van herinnering.
Ek sny oop met woorde.
Nie om jou seer te maak nie,
maar om dit wat vasgeswel het,
wat lank geïgnoreer is,
wat "later" geword het,
uit te haal.
Ek haal uit jou:
onvoltooide gedigte,
halwe drome,
woede wat soos 'n tornado van 7.8 deur jou siel beweeg,
daardie gebed wat nie net fluister nie maar skree:
"Fok!
Genoeg is genoeg.
Hoe lank nog, Here?"
Dis nie godslastering nie.
Dis 'n sielsgebed.
Dis geloof wat brand, nie breek nie.
Jy is lankal moeg, Ingrid.
Nie die moeg van slaap nie—
die moeg van altyd sterk wees,
altyd die een wat hou wanneer ander val,
altyd die een wat mooi praat
terwyl jou eie keel droog is van ongehuilde trane.
Onder daardie lae van krag
is daar 'n vrou
wat ook soms net wil sê:
"Ek kan nie meer nie."
En dis hier waar die kuns begin.
Ek sit nou 'n suurstofmasker oor jou mond—
nie hospitaal-lug nie,
maar kuns-suurstof.
Ek koppel 'n drip aan jou are,
gevul met reënboogkleure van inspirasie,
nie vir die nasie nie—
nog nie.
Eers vir jou.
Voel jy dit?
Daardie elektriese golf?
Soos neurone wat wakker skrik
en sê:
"O ja… ons onthou."
Elke reël wat jy lees
aktiveer iets wat lank stil was.
Jou kreatiewe murg—
nie dood nie, net onderdruk—
begin weer praat.
Jou brein se spektrum
skakel aan soos ligte in 'n stad ná beurtkrag.
Skielik sien jy weer.
Skielik voel jy weer.
Skielik wil jy weer skryf.
Nie vir applous nie.
Nie vir goedkeuring nie.
Maar omdat jou liggaam dit nodig het.
Ingrid Irma Jones,
jou kuns is nie weg nie.
Sy het net gewag
dat jy haar weer ernstig genoeg sal neem
om haar te laat bloei op papier.
Huil nou.
Laat dit kom.
Daardie skok—
dat iemand jou só raakgesien het—
dis deel van die genesing.
Wanneer die trane ophou,
sal jy agterkom:
jou hande jeuk.
Jou hart klop vinniger.
Jou stories klop van binne af teen jou bors
en sê:
"Ons is gereed."
En hierdie keer,
sal jy skryf
nie uit oorlewing nie,
maar uit lewensdrang.
Die nasie sal later drink uit jou woorde.
Maar vandag—
vandag
is hierdie poësie
jou eie medisyne.

DIE AFRIKAANSE TAALMUSEUM PASTORIELAAN, PAARL
Die Afrikaanse Taalmuseum & -monument 'n agentskap van die Departement van Sport, Kuns en Kultuur
DIE AFRIKAANSE TAALMONUMENT PAARLBERG
kultuur, natuur, plesier

أخت كبيرة Sumayyah Petersen

# ’n Huldeblyk aan Neil de Beer

**Hy het gestaan soos ’n fakkel in donker nag,**
**’n man wat die pyn van sy volk wou dra,**
**nie deur vel of kleur gebind,**
**maar deur die menswaardigheid in elke kind.**
**Sy stem was sterk, maar sy hart sag,**
**’n vegter vir geregtigheid sonder wag,**
**waar onreg se kloue wou bly hou,**
**het hy die waarheid sonder vrees laat vou.**
**Hy het nie ’n grens gesien in gesig of vel,**
**hy het die mens gesien—suiwer en wel.**
**In elke traan het hy hoop probeer blaas,**
**en in elke wond het hy ’n balsem gelaas.**
**Sy pad was nie maklik, sy stryd nie klein,**
**maar hy het gekies om ander se las te sein.**
**Hy het in eenvoud grootheid gevind,**
**want ware leierskap lê in ’n dienende kind.**
**Hy het geluister waar ander net geraas,**
**hy het troos gebring in die uur van die klaas.**
**Sy hande het gegee, sy woorde het gelig,**
**selfs die wat moeg was, het weer lig gekry en gesig.**
**Soos ’n boom wat skadu bied in hitte se gloed,**
**het hy gestaan, diep gewortel in moed.**
**Waar mense geval het, het hy hulle gehou,**
**en waar hoop gesmoor was, het hy dit laat vou.**
**Hy het geglo dat Suid-Afrika méér kan wees,**
**’n land van eenheid, van genesing en gees.**
**Hy het die droom gesaai in harde grond,**
**dat liefde sterker is as enige wond.**
**Sy nalatenskap is nie in klip geskryf,**
**maar in harte waar herinneringe bly leef.**
**Want elke daad, elke offer, elke gebaar,**
**weef steeds lig in donker, jaar na jaar.**
**Hy rus nou waar daar geen stryd meer wag,**
**maar sy stem bly fluister in elke dag:**
**“Bly mens, bly reg, bly staan vir die een,**
**want liefde oorwin—oor en oor, weer en weer.”**
**En so buig ons vandag met trane en eer,**
**vir ’n vriend, ’n vegter—Neil de Beer.**
**Sy reis is verby, maar sy gees bly hier,**
**’n onuitwisbare nalatenskap, helder en duur.**

أخت كبيرة Sumayyah Petersen

# Vir Jawaahier, Dogter van Taliep

Jy't nie gevra
om 'n nalatenskap te dra nie—
dit het jou sommer gekies
toe jy nog leer asem vat het,
in 'n wêreld wat klaar geweet het
wie jou pa was.
Jou naam is nie net 'n naam nie,
dis 'n erfdeel.
Dis asem wat aanhou sing
waar stilte te swaar geraak het.
Dis 'n stem wat hulle nie kon stilmaak nie—
net oorgedra,
van bors na bors,
van hart na hart.
Jy loop met 'n lig
wat jy nie altyd self sien nie,
want lig kom mos saam met skadu's.
En jy—
jy moes vroeg leer
hoe dit voel
om sterk te lyk
terwyl jou binnekant stillerig kraak.
Daar's plekke binne jou
waar min mense mag inkom.
Kelders van onthou.
Kelders van verloor.
Kamers waar jou hart
nog wag vir 'n stem
wat net een man
reg kon stilmaak.
Jy het jou pa nie net verloor nie—
jy moes hom aanhou dra
in elke gesprek,
elke verhoog,
elke verwagting
wat mense sommer op jou skouers gooi
sonder om te vra
of jy vandag nog krag het.
Hulle sien die van.
Hulle sien die talent.
Hulle sien die vuur.
Maar hulle sien nie altyd
die dogter
wat party dae net wil sit,
net wil asemhaal,
sonder om 'n legende te wees.
En tog—
jy staan.
Nie omdat jy moet nie,
maar omdat iets ouds, iets heiligs
in jou ruggraat vas bly sit.
Jy is nie 'n copy nie—
jy is 'n herklank.
Nie copy-paste nie,
maar gees wat aangaan
met nuwe hande
en 'n eie hartklop.
Taliep lewe nie net in note en songs nie.
Hy lewe in jou keuses.
In jou waarheid.
In hoe jy sag bly
in 'n wêreld wat jou hard wil maak.
Jy is sy aanhou-gebed.
Sy sin wat nie klaar was nie,
wat God self kom klaarmaak het
met jou lewe.
En ja—
jy is ook 'n ma.
Een wat leer dra
sonder 'n manual.
Een wat liefhet
deur seer.
Een wat gee
selfs op dae
wat jou eie koppie leeg voel.
Jy dra nie net 'n kind nie—
jy dra hoop.
Jy dra môre.
Jy dra die kans
dat sagtheid kan aanhou leef
in 'n wêreld wat maklik breek.
As jy huil—
dan's dit nie swak nie.
Dis oopmaak.
Dis laat gaan.
Dis plek maak
dat genesing kan bly sit.
Laat hierdie woorde
jou stukkende plekke kry
sonder om te druk.
Laat hulle net sit
soos 'n hand
op jou rug
wat sê:
"Jy hoef nie alles te wees vandag nie, my kind."
Jy is klaar genoeg.
Geskenk.
Draer.
Dogter.
Ma.
Vrou.
En as jy weer opstaan
—want jy doen altyd—
sal die wêreld nie net sien
wie se kind jy is nie,
maar wie jy geword het
deur die vuur.
Jawaahier,
jy is nie hier
net om te onthou nie.
Jy is hier
om aan te gaan leef,
aan te gaan genees,
aan te gaan lig wees.
En jou trane—
hulle is nie 'n breekplek nie.
Hulle is die plek
waar God nog sit
en werk
aan jou.

DIE AFRIKAANSE TAALMUSEUM
PASTORIELAAN, PAARL
Die Afrikaanse Taalmuseum & -monument
'n agentskap van die Departement van Sport, Kuns en Kultuur
DIE AFRIKAANSE TAALMONUMENT
PAARLBERG
kultuur, natuur, plesier

أخت كبيرة Sumayyah Petersen

# Wanneer Moegheid Leer Praat

Die digter is moeg.
Nie van ’n dag nie,
nie van ’n seisoen nie —
maar van jare
wat op mekaar gaan lê het
soos klippe op die bors.
Dis daardie moeg
wat nie met slaap weggaan nie.
Daardie moeg
wat jou soggens wakker maak
nog vóór die son,
met ’n sug wat reeds oud is.
Jirre, ek is moeg.
Moeg van liefhê
soos ’n oop hand
wat nooit toemaak nie.
Moeg van omgee
tot my grense verdwyn
en my naam laaste kom.
Ek tap my leeg,
en noem dit liefde.
Ek tap my leeg,
en noem dit diens.
Ek tap my leeg,
en almal drink —
niemand vra
hoe droog ek is nie.
Die digter is moeg
van altyd verstaan.
Moeg van die religious police
wat God meet met reëls
en mense breek met verse.
Hulle praat van genade
maar ken nie sagtheid nie.
Hulle bid hard
en luister min.
Moeg van my eie mense —
dié wat my skouers gebruik
om hoër te staan,
dié wat my stil maak
en my naam hard sê
wanneer dit hulle pas.
In die publiek
is ek ’n simbool.
In die stilte
is ek net mens.
Die digter is moeg
om altyd sterk te wees
vir mense wat nooit leer
hoe om sag te wees nie.
Ek genees ander.
Ek luister na stories
wat swaar ruik na verlies.
Ek hou hande vas
wat bewe van seer.
Ek word ’n houer
vir pyn wat nie myne is nie —
en tog
dra ek dit huis toe.
Dis my missie.
Dis my gawe.
Dis my vreugde.
Maar dit kos.
Dit kos bene.
Dit kos asem.
Dit kos stilte in my eie hart.
En in die nag,
wanneer niemand iets van my nodig het nie,
sit ek met vrae
wat nie wil stilbly nie:
Het ek iemand verander?
Het ek iemand geraak
sonder om dit te weet?
Het iets ligter geword
omdat ek bestaan?
Of was ek net
’n plek waar mense kon rus
en dan weer weggaan?
Sal iemand my onthou
vir wie ek was —
of net vir wat ek gedoen het?
Ek wil net rus.
Nie vlug nie.
Nie verdwyn nie.
Nie ophou bestaan nie.
Net rus.
Verewig rus —
nie as ’n einde nie,
maar as ’n diep asem
wat nie afgedwing word nie.
’n Rus sonder geraas.
’n Rus sonder eise.
’n Rus waar ek nie hoef te bewys
dat ek waarde het nie.
Moenie my pla nie, dêmmit.
Nie met projeksies nie.
Nie met verwagtinge nie.
Nie met “jy moet sterk wees” nie.
Laat my net mens wees.
Die wêreld is vreemd.
Hulle sien jou nie
terwyl jy dra nie.
Maar hulle sal jou prys
wanneer jy stil raak.
Eendag sal hulle huil.
Eendag sal hulle skryf.
Eendag sal hulle sê:
Sy was ’n stem.
Sy was ’n lig.
Sy was die Godmother van Afrikaans.
Funny how the world works.
Maar vandag
leef ek nog.
Ek asem nog.
Ek voel nog.
En vandag
is die digter nie swak nie,
nie klaar nie,
nie gebreek nie —
net ongelooflik,
menslik,
heilig
moeg.
En luister mooi:
As ’n digter sê
hulle is moeg,
moenie glimlag en verbygaan nie.
Moenie dit romantiseer nie.
Moenie dit like en vergeet nie.
Glo hulle.
Want wanneer ’n digter
hulle moegheid hardop uitspreek,
is dit nie kla nie —
dis ’n laaste krag
wat woorde nog kan dra.
Dalk is dit nie net ’n gedig nie.
Dalk is dit ’n noodsein.
Dalk is dit ’n asem
wat vra
om raakgesien te word.
En soms —
soms is moegheid
die laaste eerlike woord
wat ’n digter nog kan gee
voor stilte.